

4 Desember

Haggai 1; (Teks: 1:13,14)

Spring aan die werk om die reggestelde prioriteite uit te voer

Toe die volk terugkeer van die ballingskap, het hulle nie die tempel van die Here herbou nie. Hulle was so besig met hulle eie sake dat die saak van die Here agterweë gebly het. Deur die profeet Haggai het die Here die volk vermaan. Hulle het dit ter harte geneem en hulle bekeer. Hulle het weer ontsag vir die Here gekry (vers 12). Die volk wou nou hulle prioriteite regstel deur aan die saak van die Here aandag te gee. Die tempel moes herbou word. Die Here gee hulle deur die profeet Haggai die versekering van sy bystand. Met hulle prioriteite wat reggestel is, kon hulle reken op die Here se bystand in die uitvoering daarvan.

Die Here het die leiers en die volk aangevuur om hulle reggestelde prioriteite uit te voer (vers 14). Hulle het met die krag van die Here aan die werk gespring om die tempel te herbou.

As mense wat in Christus verlos is, het ons nie 'n tipiese wêreldse voorkeurlys nie, maar 'n prioriteitslys wat getuig van ons gehoorsaamheid aan God. In die uitvoering van die regte prioriteite, kan ons reken op die bystand van die Here. Daarom moet ons aan die werk spring om ons Christelike prioriteite, waar God bo-aan staan, uit te leef. Dit doen ons deur al meer gehoorsaam te wees aan die opdrag van Jesus: "...beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God..." (Matt 6:33).

Sing: Skrifberyming 17:6

Dr. J. le Roux (Pretoria-Brooklyn)